# EFÉSIËRS 6:1-9

## TEMA: Respek in die Familie

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 6:1-9**

**Efe 6:1 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.**
**Efe 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met 'n belofte—**
**Efe 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.**
**Efe 6:4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.**
**Efe 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;**
**Efe 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen**
**Efe 6:7 en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie,**
**Efe 6:8 omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.**
**Efe 6:9 En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.**

-o0o-

Wanneer ons die boek Efésiërs bestudeer, sien ons baie duidelik die voorbeeld wat Christus Jesus vir ons op hierdie aarde kom stel het. Die Woord wat **vlees** geword het, die Woord wat 'n **werklikheid** geword het. Dit is die **voorbeeld** wat vir ons gestel word.

- Daar is ongelukkig geen, maar geen ander voorbeeld nie. Dit is net in Christus Jesus in wie daar oorwinning is.
- Dit is net in Christus Jesus in wie die Raadsplan van die Vader tot n werklikheid gekom het.
- Daar is net **een** evangelie, en dit is die evangelie wat Christus Jesus kom bevestig het hier op aarde, en dit het Hy in Sy liggaam kom doen.

As ons kyk waaroor dit alles gaan, dan sal ons sien die kruis is die prominente embleem rondom hierdie alles. Ons verstaan nie altyd die betekenis van die kruis nie. Die kruis bestaan uit twee houte, naamlik 'n horisontaal en vertikale hout.

- Die horisontale (regop) paal simboliseer, hoe God uitgereik het deur Jesus Christus na die aarde toe. Die kruis het egter eers tot vervulling gekom toe Christus aan die kruis vasgespyker is. **Sodoende het Hy het die kruis geword**, dit gaan egter nie oor die hout nie, maar wel oor Hom wat aan die kruis vasgespyker is. Met ander woorde, God die Vader het die versoening gebring vir die mensdom

-o0o-

in Jesus Christus.

- Omrede die kruis in die grond, stewig in die gat geplant is, is dit ‘n teken van die **standvastigheid.** Dit verduidelik hoe ver God, die Onwankelbare, wat nie vernietig kan word nie deur Christus, na die mensdom uitgereik het.
- Die betekenis van die dwarsbalk waarop Christus Jesus se arms op vasgeslaan is, is ‘n verdere teken Hy het ook uitgereik na die mensdom toe en na die wat rondom Hom is.

Wanneer ek en jy ons eie kruis opneem, in die eerste plek, is ons **in verhouding met die Vader** maar dan verteenwoordig die twee sykante ook ons **verhouding** en ons **bediening** deur die Gees, na die broer en suster toe, wie my naaste is. Nou word dit duidelik wat Jesus sê in die Groot Gebod: *Luk 10:27 Jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele* ***hart*** *en uit jou hele* ***siel*** *en uit jou hele* ***krag*** *en uit jou hele* ***verstand****; en jou naaste soos jouself.* Dit is ‘n **eenheid** deur God en jou naaste lief te hê. Dit is ‘n eenmalige gebod. Daar is nie n tweede gebod nie. Dit is die voorbeeld wat Christus Jesus vir ons gestel het. Daarom mag ons nie uitsonder met wie ons wil nie. Dit is die voorbeeld wat vir ons gestel is en daarom kan ons dit nie wysig nie.

Ek het vanmôre met n jongman gepraat. Hy noem dat hy het na ‘n berader uitgereik het. Die betrokke berader het vir hom reguit gesê hy stel nie belang om die jongman te bedien nie, omdat daar familie probleme was. Jy kan nie, jy mag net nie. As God daardie siel in jou hande geplaas het, is jy nie meer ‘n familie lid nie, *maar ‘n dienskneg in die Here*. As die Here mense in jou hande geplaas het moet jy hulle bedien want jy gaan voor God staan waarom jy nie daardie mense bedien het nie, want die Here het **jou** gekies om hulle te bedien.

## 1. GEHOORSAAM

**Efe 6:1 Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.**
**Efe 6:2 Eer jou vader en jou moeder—dit is die eerste gebod met ‘n belofte—**
**Efe 6:3 sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.**

Hier praat hy van fisiese kinders **en** geestelike kinders. Om jou vader en moeder te eer is die Eerste Gebod, met ‘n belofte sodat dit met jou goed mag gaan, en jy lank mag lewe op die aarde. Dit het nie net alleenlik ‘n heen wyse na fisiese ouers nie, maar kinders moet hulle ouers respekteer. Die manier waarop kinders met hul ouers praat, die gehoorsaamheid, die onderdanigheid, en alles wat daarmee saam gaan. Kinders julle moet ‘n bietjie gaan kyk wat offer julle ouers alles vir julle op. Regtig, daar is ouers wat darem nie hulle huwelike op die spel plaas nie maar wel hulle huwelike opoffer ter wille van hulle kinders. Waardeer die kinders dit regtig? So kinders respekteer julle ouers!

Geestelike kinders, God het daardie gesag oor julle geplaas. As julle nie daardie gesag respekteer nie sal *jyself nooit ‘n geestelike ouer word nie*. **Dit is juis daardie geestelike ouer wat jou opvoed in die Here sodat jy geestelik ‘n ouer kan word**, andersins sal die bediening van baie korte duur wees, want die Bybel sê dit sal nie baie lank bestaan nie, omdat satan deel vaslê daarop. God het dit daar gestel so dit moet gebeur,

## 2. VADERS

Efe 6:4 En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here

Dit spreek vanself, nê?

-o0o-

## 3. DIENSBAAR

**Efe 6:5 Diensknegte, wees gehoorsaam aan julle here na die vlees, met vrees en bewing, in opregtheid van julle hart, soos aan Christus;**

**Efe 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen**

**Efe 6:7 en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie,**

Hier gaan dit nie net oor jy is baas en ek is Klaas nie. Dit gaan egter oor God wie ons almal in 'n posisie van 'n werksverband geplaas het, hetsy in 'n gesinsverband, of dit in 'n bediening is. As die Here jou onderdanig gestel het aan ander, wie in groter en hoër gesag is, dan **respekteer jy daardie gesag**, want dit is nie jou gesag nie dit is God se gesag. Hy sal jou verhoog op die regte tyd as jy daarin gegroei het.

Efe 6:5 Diensknegte wees gehoorsaam aan julle here
Met ander woorde selfs die wat in die hoof van bediening staan, respekteer hulle *in opregtheid in julle hart, soos aan Christus*.

Efe 6:6 nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar soos diensknegte van Christus wat die wil van God van harte doen

Efe 6:7 en met goedwilligheid die Here dien en nie mense nie,
Hier praat hy om met goedwilligheid die Here te dien, en nie mense nie.

Efe 6:8 omdat julle weet dat elkeen vir die goeie wat hy doen, loon van die Here sal ontvang, of hy 'n slaaf is of 'n vryman.
Ek het vir my kinders geleer: *Onthou die werk wat jy doen, doen jy nooit vir jouself nie, maak nie saak waar jy staan nie, of jy in n bestuursposisie is, of in eienaarskap van 'n besigheid of waar ook al, jy is altyd in dienswerk van die Here. Doen alles om die Here te verheerlik, nie mense nie. Lewer jou beste, doen altyd jou beste. Funksioneer in die plek waar jy moet wees, onderdanig en gehoorsaam aan die gesag wat God oor jou aangestel het en jy sal die resultaat in jou lewe sien*.

Ek het dieselfde 'n hele paar keer vir mense gesê en het die vrug gesien. Werk elke dag asof jy vir die Here werk en nie vir jouself nie, nie vir 'n besigheid nie, nie vir 'n maatskappy nie, of vir 'n bediening nie. Werk asof jy vir die Here werk en jy sal sien die loon wat van alles, en aan die mense wat ook in beheer is wat die gesag dra,

**Efe 6:9 En, here, doen dieselfde teenoor hulle en laat staan die dreigemente, omdat julle weet dat ook julle eie Here in die hemele is en by Hom geen aanneming van die persoon is nie.**
Hierdie is 'n belangrike ding. Niemand is belangriker as 'n ander persoon nie. Jou posisie maak jou nie belangriker nie. Inteendeel, hoe hoër jou posisie in Christus, hoe laer is jou ryk eintlik, want dit is om 'n dienskneg te wees wat die hele kern van die hele saak is. Christus het vir ons die voorbeeld gestel van die grootste dienskneg wat daar ooit bestaan het. Hy was so 'n groot dienskneg dat die mense self verkies het om Hom Meester te noem.

Vergeet van titels, vergeet van status, doen wat die Here wil hê jy moet doen, funksioneer in die plek, wees dankbaar vir daardie plek waar jy kan wees, leer by jou geestelike vader en moeder al moet hulle partykeer jou tugtig. Die Bybel sê daar moet getugtig word, dit staan daarso, ons het dit so pas gelees, in vers 4: En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here. Eintlik is dit nodig dat julle geestelike vaders julle op julle vingers tik, want julle is besig met verkeerde goed. Julle is verkeerd waarmee julle besig is. Kom terug in die plek waar die Here jou wil hê.

-o0o-

Ongelukkig gryp baie hulle goedjies en hardloop weg en dan wil hulle niks meer met jou te doen hê nie, maar ja dankie vir die ook wie gehoorsaam is.

## 4. REIK UIT NA ANDER

Die Boek Efésiërs het ons geleer hoe die *liggaam van Jesus Christus veronderstel is om te funksioneer.*

- Weereens dit gaan nie oor my nie, dit gaan dit gaan nie oor jou nie, dit gaan oor siel wat Jesus Christus in ons hande geplaas het.
- Christus het vir ons die voorbeeld kom stel, om my te laat uitreik, om daardie arms te laat uitreik, na die wat langs hom is.
- Kom ons vergeet van onsself
    - ons eie belange,
    - wat ons nodig het,
    - van ons eie besigheid, mense wil so graag wins hê of voordeel trek vir hulle besighede.
    - Kom ons vergeet van al daardie dinge.

**God sal voorsien.**
**Bly jy in die plek waar jy moet bly en jy sal die loon ontvang van jou gehoorsaamheid**.

Mag die Here julle baie ryklik seën, die Here is met julle.

-o0o-